

*Steek êrens in jou woonplek 'n kers aan terwyl jy lees.*

Tema: Dringend? Onderbreek die Here ons soms?

Skriflesing: Markus 1:14-20

### Broodjies vir die pad

“Life's most persistent and urgent question is, 'What are you doing for others?’”

— Martin Luther King Jr.

“The greatest issue facing the world today, with all its heartbreaking needs, is whether those who, by profession or culture, are identified as ‘Christians’ will become disciples – students, apprentices, practitioners – of Jesus Christ, steadily learning from him how to live the life of the Kingdom of the Heavens into every corner of human existence.”

— Dallas Willard, *The Great Omission: Reclaiming Jesus's Essential Teachings on Discipleship*

“Once the soul awakens, the search begins and you can never go back. From then on, you are inflamed with a special longing that will never again let you linger in the lowlands of complacency and partial fulfillment. The eternal makes you urgent. You are loath to let compromise or the threat of danger hold you back from striving toward the summit of fulfillment.”

— John O'Donohue, *Anam Cara: A Book of Celtic Wisdom*

“We must be ready to allow ourselves to be interrupted by God... It is a strange fact that Christians and even ministers frequently consider their work so important and urgent that they will allow nothing to disturb them. They think they are doing God a service in this but actually they are disdainful of God's "crooked but straight path". It is part of the discipline of humility that we must not spare our hand where it can perform service and that we do not assume that our schedule is our own to manage, but allow it to be arranged by God.”

— Brennan Manning, *The Wisdom of Tenderness: What Happens When God's Fierce Mercy Transforms Our Lives*

“Questioning the ostensibly unquestionable premises of our way of life is arguably the most urgent of services we owe our fellow humans and ourselves.”

— Zygmunt Bauman, *Globalization: The Human Consequences*

“The church exists primarily for two closely correlated purposes: to worship God and to work for his kingdom in the world ... The church also exists for a third purpose, which serves the other two: to encourage one another, to build one another up in faith, to pray with and for one another, to

learn from one another and teach one another, and to set one another examples to follow, challenges to take up, and urgent tasks to perform. This is all part of what is known loosely as fellowship.”

— N.T. Wright, *Simply Christian: Why Christianity Makes Sense*

“Our consumer culture is organized against history. There is a depreciation of memory and a ridicule of hope, which means everything must be held in the now, either an urgent now or an eternal now.”

— Walter Brueggemann, *Prophetic Imagination: Revised Edition*

### Bidure

*Pieter van der Westhuizen, Strand*

Die meeste van ons het herinneringe aan bidure – Wyksbidure en Pinksterbidure. By die wyksbidure, Woensdagaande “ten huise van broer en suster Sus, of broer en suster So”, was die boodskap en die gebedsgeleentheid meestal minder belangrik as die teedrinkery daarna. Met Dominee nog teenwoordig by die tee en koek was die agterpraatjies skynheilig vroom. Die oomblik as hy vertrek, skink die agtergeblewe broeders en susters gou 'n tweede koppie tee en dan begin die geskinder in alle erns. Om nie die teiken van jou mede-wykslidmate se giftige tonge te word nie, was biduurbywoning vir die broeders en susters noodsaaklik. Ook om om daarna so lank as moontlik by die teedrinkery te bly. Loop jy eerste moes jy weet jy word beskinder nog voordat die sypaadjie se gruisklippers onder jou skoensole knars.

Weke lank was daar 'n skindery oor Mart-San Duvenhage wat in die ander tyd geraak en met Deodat Marais moes trou. Ingeligte waarnemers het destyds berig dat die twee se pragtige dogtertjie die gevolg was van hulle gekuier op die mat voor die Hammersteinradiogram Sondagmiddae as die oumense na die groot eet en skuinslê met hulle swart Buick Eight vir Mart-San se ouma in die ouetehuis gaan kuier het.

Die ander beskinderde was oom Piet du Preez, die meesterskrynwerker, wat by sy huiswerker, 'n “Blantyre” uit Njassaland, Engelse lesse geneem en die man tydens die klasse op een van sy geërfde stinkhoutstoele by die eetkamertafel laat sit het. “En dan, ek sweer ek lieg nie”, het Bulletin Blaauw, die sinjaalman met sy hand op die Bybel gesê, “gee oom Piet du Preez vir daardie kommunist met sy bril en sy Engelspraterij tee uit tannie Hannelet se beste koppies”. Dié verslag van 'n ooggetuie was genoeg om te verseker dat die wyksbiduur nooit weer “ten huise van broer en suster Du Preez” gehou is nie. Teedrink uit hulle koppies en sit op hulle stoele? Nee dankie.

By die Pinksterbidure, wat gewoonlik in die kerkgebou gehou is, was daar nie 'n agterna getee en gekoffie nie. Die aanvangstyd saans was sewe uur, maar die meeste mense het 'n halfuurtjie of wat vroeër aangekom vir die lekker vooraf samesang. Tydens hierdie singery is daar dikwels Afrikaanse vertalings van liedjies uit die Amerikaanse Bybelgordel gesing. “So 'n bietjie Pinksterterpentyn onder hulle gevrekte Calvinistiese sterte laat die spul bedeesdes effens meer opgewonde klink oor hemel toe te gaan,” het ons ouboet Ignatius altyd gesê.

Die geleentheid vir gebed was meestal 'n manlik-oorheersde affêre. Soms het van die dames 'n gebed ingekry, meestal so saggies dat jy moeilik kon hoor wat en waarvoor hulle gebid het. Met die mans was dit 'n ander storie. Vir 'n paar van die ooms was dit 'n kompetisie om altyd die openingsbidder te wees. Die drie voorbokke was ouderlinge Theunissen, Coetzee en Bestbier. Ouderling Theunissen het aanvanklik die stryd gewen deur sommer so in die opstaan, terwyl hy nog aan die regopkom was, met sy luide "Liefdevolle Vader"-aanhef eerste uit die blokke te kom.

Twee, miskien drie maal het ouderling Coetzee hom deur hierdie taktiek laat flous, toe begin hy sommer dadelik, steeds in sittende posisie, met sy aanhef: "Drie maal heilige Vader, Soon en Heilge Gees, ons kruip weer vanaand in die stof voor die voetbanke van U voete..." Sy gebed was gewoonlik deurmekaar, met versoeke oor goddelike bystand aan die "eersteminister, die dokters, nurste en polieste", gemeng met flardes van Bybelse aanhalings en verwarde plaasidiome soos "verlossing uit ons wurgende stroppe" en hoop op "disselbome wat weer sal klop".

As Theunissen die aanvanklike wedloop gewen het, was Bestbier gewoonlik tweede aan die woord. Was hy nie die eerste wat ploeg in die grond kon steek nie was ouderling Coetzee só ontstig dat hy glad nie gebid het nie. Sigbaar suur het hy dan ook nie saam met die gemeente die slotsang gesing nie. Ouderling Bestbier – die ouderling wie se Borgward Isabella dikwels op Saterdag agter die treurwilger by die weduwe Vermooten se huis geparkeer was, terwyl sy vrou dink hy werk oortyd in New Canada – se spesiale gebedstem het dan gewoonlik met sy geykte gebed, o.a. oor "zondieges" en "regverdieges", die ruimte tussen die sittende gemeentelede en die kerk se hoë plafon gevul

Jan Smal, lank en riemagtig, en sy kort, dik ma – in die gemeente bekend as die "Breë weg" en die "Smal weg" – het altyd skuins voor ons gesit. Jan was ook 'n ywerige bidder. Iewers in sy gebed sou hy altyd na die "enigste weg, die smal weg" verwys en ons almal onderlangs laat giggel. Ook goeie oom Schalk Peens, 'n kruier op Johannesburgstasie, wat dit altyd gehad het oor "'n seun wat sy pa 'n ding vra, en dan gee sy pa vir hom die ding", was 'n gereelde bidder.

Die dominee was 'n klein mannetjie met 'n groot stem. Mevrouw dominee was die orreliste (Destyds is die vroulike vorms soos pianiste, onderwyseres, prinsipale en Christin nog gebruik). Self was mevrou Dominee 'n stewige vrou. Met 'n hele paar dekades agter haar vol lyf, het sy gedurende die gebedsessie sommer op haar bankie voor die orrel bly sit. Soms, as die vaak haar oorval, het haar groot lyf vorentoe gesak. Òf die ou lyf links vorentoe òf regs vorentoe gesak het, het die orrel jou vertel die oomblik as een van haar formidabele "gawes" op die onderste klawerbord tot ruste kom.

'n Storie oor ons destydse Pinksterdienste sal nie volledig wees as ek ou Herbst uitlaat nie. Hy was 'n wewenaar wat in 'n agterkamertjie naby die tegniese skool gebly het. Die ou man was nie lief vir water nie. "Ou Herbst bad mos een keer in die somer en in die winter nie so gereeld nie", het die mense altyd gespot. Daar was ook nie 'n hegte vriendskap tussen sy klere en water en seep nie. Gedurende die jaar het ou Herbst nie eintlik die kerkdienste bygewoon nie. Met Pinkster was dit 'n ander storie. Dan het die ou nie een diens gemis nie.

Dié oom se probleem was sy afstootlike olfaktoriese teenwoordigheid. Niemand wou naby hom sit nie. Land hy naby jou moes die mans maar vlak asemhaal en die vrouens hulle botteltjies 4711 oop onder hulle neuse hou. Semanties het die woord, "ruik", twee betekenis. Die een kan omskryf word as:

"Besit die kwaliteit om die sensasie waar te neem of te ondervind". Die ander een is: "Besit die kwaliteit om die sensasie te veroorsaak". Albei hierdie betekenis was van toepassing die aand toe Koos Cloete, na die uitdien van sy biduurlange vonnis in ou Herbst se fisieke nabyheid, met die uitstap na buite diep gesug en toe, na aanleiding van ons slotsang daardie aand, hard genoeg vir almal om hom om te hoor, gesê het: "Byna versmorend Christen te wees..."

## Brood vir die pad

Profeet Jeremia se visie voorsien 'n ryker sosiale lewe

RRV

Heelwat mense het die afgelope maande die ontwrigting beleef dat troues of ander fees-geleenthede weens die pandemie uitgestel is, of op 'n aangepaste wyse gevier moes word. Die verstaanbare beperkinge ten opsigte van begrafnisse en gedenkgeleenthede het ook baie van ons met die versugting gelaat dat ons graag anders aan ons hartseer, herinneringe en meeleving sou wou uiting gee – dalk met meer persoonlike kontak, aanraking en samesyn.

In sy *Virus as a Summons to Faith: Biblical Reflections in a Time of Loss, Grief and Uncertainty* (2020) fokus die Amerikaanse Ou-Testamentikus Walter Brueggemann in een van die hoofstukke op die boek Jeremia, en spesifiek op hoe die profeet tydens 'n ramptoestand in antieke Jerusalem drie keer praat van bruilofte wat nie sal plaasvind nie. In Jeremia 7:34, byvoorbeeld, bring die profeet 'n verskriklike woord van die Here: "Ek sal in die dorpe van Juda en in die strate van Jerusalem die geluid van vrolikheid en vreugde laat verdwyn, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid uitdoof, want die land sal 'n puinhoop word" (2020-vertaling). En in Jeremia 16 lees ons naas die uitspraak dat die stemme van die bruidegom en bruid uitgedoof sal word (vers 9), ook dat mense nie eens begrawe sal word nie. Met geen rouegeleenthede en begrafnismaaltye nie (vers 5). In Jeremia 25:10 lees ons eweneens die oordeelswoord dat die klank van vrolikheid sal verdwyn, asook die stemme van die bruidegom en bruid.

Wat Brueggemann verder in sy bespreking uitwys, is dat die profeet – buiten die drie bogenoemde tekste – ook 'n vierde keer na "die stem van die bruidegom en die stem van die bruid" verwys. Hierdie keer kom die profetiese woord egter binne die konteks van 'n boodskap van belofte en hoop. In die verwoeste, vervalde en verlate dorpe van Juda en strate van Jerusalem sal weer gehoor word: "die geluid van vrolikheid en vreugde, die stem van die bruidegom en bruid" (Jeremia 33:10, 11). Ook stemme van lof en dank aan die Here sal weer opklink, want die Here sal die lot van die land verander. Soos Brueggemann dit stel: "Life will resume in its rich social thickness."

Jeremia se profetiese visie antisipeer 'n ryker en hernude sosiale lewe. Om te glo dat die lewe weer só kan wees, ook in ons dag, verg geloof en geduld. Daar is immers heelwat kontra-getuie. En totdat hierdie visie in die toekoms gestalte kry, is wat Brueggemann oor Jeremia sê ook 'n uitnodiging vir óns: "In the meantime, he waited with truth-telling, honesty and courage."

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/geestelike-waardes-profeet-jeremia-se-visie-voorsien-n-ryker-sosiale-lewe-20210116>

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877